basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE V2

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae van daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt as 'n bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW:** Waar syfers aangedui word in die nasienriglyne vir komponente/bewerkings, dra dit nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag).
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
10. Waar metodepunte vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **LW:** Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ soos per kandidaat se berekeninge (indien geldig) of soos per nasienriglyne wees.
12. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 BANKVERSOENING

1.1.1 Inskrywings wat op 31 Oktober 2025 in die Kontantjoernale aangeteken moet word.

KONTANTONTVANGSTE-JOERNAAL		KONTANTBETALINGS-JOERNAAL	
R 334 700		**R 232 900**	
11 000 een punt – 1 100 een punt 9 900	✓✓	9 000	✓
400	✓	5 900	✓
8 800 een punt + 8 800 een punt 17 600	✓✓	7 500	✓
		13 000	✓
		1 400	✓

10

-1 vreemde (maks –2) slegs as punte êrens anders vir dieselfde bedrag verdien is
-1 oortollige items (maks -1); maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir die insluiting van foutiewe bedrag/e nie
Bv. R36 900; R42 100

1.1.2 KIES SLEGS EEN TEMPLAAT HIERONDER OM DIE VRAAG TE BEANTWOORD.

TWEE-KOLOMMETODE:
BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 OKTOBER 2025

	Debiet	Krediet
Saldo volgens bankstaat		116 500 ✓
Uitstaande deposito		33 000 ✓
Uitstaande EFO's Nr. 4 317	12 200 ✓	
Nr. 4 318	6 300 ✓	
Foutiewe debietorder		5 900 ✓
OTM-onttrekking op 30 Oktober 2025	7 500 ✓	
Saldo volgens bankrekening	129 400 ☑ Kan Kt. wees	Dt. en Kt. totale moet dieselfde wees
	155 400	155 400

7

-1 aanbieding (maks.-1) (onvanpaste/geen details)
-1 vreemde items (maks.-2); slegs as punte êrens anders vir dieselfde bedrag verdien is
Vir die 2-Kolommetode,kandidate moet bedrae in korrekte kolom plaas om punte te verdien
Met die toekenning van die metodepunt vir totale, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir die insluiting van foutiewe bedrag/e nie. Dui aan met ☒
As kandidaat bedrae dupliseer aan beide kante -1 per lyn

OF

EEN-KOLOMMETODE:

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 OKTOBER 2025

Saldo volgens bankstaat	R 116 500 ✓
Uitstaande deposito	33 000 ✓
Uitstaande EFO's Nr. 4 317	(12 200) ✓
Nr. 4 318	(6 300) ✓
Foutiewe debietorder	5 900 ✓
OTM-onttrekking op 30 Oktober 2025	(7 500) ✓
Saldo volgens bankrekening	129 400 ☑

7

-1 aanbieding (maks.-1) (onvanpaste/geen detail)
-1 vir vreemde items (maks.-2); slegs as punte êrens anders vir dieselfde bedrag verdien is)
Vir die 1-Kolommetode,kandidate moet bedrae met toepaslike tekens aantoon, d.w.s. positief of negatief.
*Wees bedag op kandidate wat begin met die bankrekeningsaldo of omgekeerd

1.1.3 **Watter stappe moet Nozi teen Bheki (sonder om hom af te dank) en XPS Verskaffers doen? Noem EEN punt vir elk.**

Bheki Sadler (boekhouer) ✓✓	**XPS Verskaffers (verskaffer)** ✓✓ deelpunte vir onvolledige antwoorde
• Dissiplinêre verhoor vir Bheki vir potensiële bedrog. • Tydelike skorsing terwyl sy wangedrag ondersoek word. • Handig Bheki oor aan die polisie op aanklagte van diefstal of bedrog. • Reik 'n finale waarskuwing uit. • Eis dat hy die geld wat deur die bedrieglike transaksie verkry is, terugbetaal. • Degradeer of verwyder hom van die verwerking van verskafferbetalings. • Verminder sy na pligte na beperkte finansiële verantwoordelikhede. • Plaas sy werk onder verhoogde toesig. • Voer gereelde oudits uit op sy ingevoerde transaksies.	• Rapporteer die verskaffer aan die polisie om potensiële diefstal of bedrog te ondersoek. • Oorweeg siviele stappe teen die verskaffer / Regstappe teen hul vir poging van bedrog neem. • Versoek 'n geskrewe verduideliking vir die uitreiking van 'n faktuur wanneer geen goedere gelewer was nie. • Swartlys XPS Verskaffers ter versekering dat hul nooit weer as verskaffer vir Primrose Handelaars in die toekoms oorweeg word nie. • Verhaal enige verliese of kostes aangegaan weens die bedrieglike faktuur en tot betaling gelei het.

4

1.2 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

1.2.1 **Bereken die totale persentasie van alle debiteure wat nie die kredietterme nakom nie.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{72\,000}{288\,000} \times \frac{100}{1}$	25% ✓✓

2

1.2.2 **Verduidelik TWEE ander strategieë wat die besigheid kan implementeer om die invorderings van debiteure te verbeter. In elke geval, verduidelik hoe die strategie die verbeter van invorderings tot gevolg sal hê**

	STRATEGIE ✓ ✓	REDE ✓ ✓
1	Implementeer strenger kredietbeheermaatreëls / Hersien die debiteure se kredietrekords voordat krediet toegestaan word.	Verseker dat slegs betroubare klante met goeie kredietgeskiedenis krediet toegestaan word.
2	Verlaag die kredietlimiete of verkort die kredietterme van herhaalde laat-betalers. / Duidelike kredietlimiete moet vir elke debiteur gestel word.	Dit sal die risiko van rekeninge wat agterstallig raak beperk / Verhoed dat klante meer skuld as wat realisties terugbetaalbaar is en oninbare skulde verminder.
3	Stuur herinneringe (epos of sms of state) voor sperdatums uit om sodoende vroeë betalings aan te moedig.	Hou debiteure ingelig van bedrae verskuldig en sperdatums, om tydige betalings aan te moedig.
4	Klant moet debietorder magtigingsvorm teken.	Verseker dat betalings elektronies gedoen word.
5	Stop of skort verdere kredietverkope aan agterstallige klante op.	Voorkom dat debiteure hul skuld verhoog, wat hul dwing om bestaande saldo's te vereffen.

4

1.2.3 **Hoe kan swak beheer oor debiteure die kontantvloei van die besigheid negatief beïnvloed? Verduidelik EEN gevolg.**

Enige EEN geldige punt✓✓ deelpunte vir onvolledige antwoorde

- Besigheid sal genoodsaak wees om geld te leen (verhoging van rente uitgawes)
- Besighede sal nie in staat wees om eie uitgawes en ander verpligtinge te betaal nie.
- Sekere skulde sal nooit ingevorder word nie wat meer finansiële verliese tot gevolg sal hê.

2

1.3 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

1.3.1

NR.	BEWERKINGS	EFFEK	
	Beginsaldo	**267 500**	
(i)	**(10 350 – 9 000)**	**+ 1 350**	
(ii)	**325 000** x 15/100	- 48 750	✓✓
(iii)		- 7 800	✓
(iv)	**(458 850** – 25 530 ✓) x 15/115 ✓ 433 320 een punt	+ 56 520	☑#
(v)		- 9 750	✓
(vi)		+ 1 200	✓
	BTW betaalbaar	260 270	☑*

9

*een deel korrek; beginsaldo + (i)
Aanvaar die gebruik van hakies as negatief; as geen teken aanvaar positief.
As negatief ken punte vir bewerkings toe.

1.3.2 **Gee EEN rede waarom hierdie optrede oneties en onaanvaarbaar is.**

Enige EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige antwoorde

- Dit is bedrog en kan tot ernstige gevolge vir die besigheid lei / Wanvoorstelling van BTW-bedrae is 'n vorm van finansiële bedrog.
- Oorberekening is onwettig en kan lei tot boetes of kriminele klagtes.
- BTW eis moet gebaseer wees op die werklike BTW-gedeelte van die skulde afgeskryf.
- Bewustelike poging om minder BTW te betaal wat wetlik aan SAID verskuldig is word as onwettig beskou (Belastingonduiking).
- Besigheid se beeld laat skade ly / Indien bekend raak mag belanghebbendes vertroue in die besigheid verloor.
- Finansiële state moet met integriteit en eerlikheid voorberei word.

2

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 2

2.1

2.1.1	Verkoop- en verspreidingskoste	✓	VVK	
2.1.2	Direkte materiaalkoste	✓	DMK	
2.1.3	Administrasiekoste	✓	AK	**3**

2.2 STAY-FIT VERVAARDIGERS

2.2.1 **Bereken die direkte arbeidskoste**

BEWERKINGS	ANTWOORD
(80 x 1 960 x 45) [90 000 + 54 000] (Bruto Loon x 1%) 7 056 000 + [2 000 x 72] 144 000 + 72 000 ✓☑ ✓✓ ☑	7 272 000 ☑ een deel korrek

6

2.2.2 **Bereken die korrekte fabrieksbokoste vir die jaar.**

Foutiewe totaal	**1 068 200**
Fabriek: Indirekte materiaal	- 1 000 ✓
Telefoon	- 28 200 ✓✓
Versekering	+ 9 000 ✓✓
Ondersoek; moet foutiewe totaal insluit	1 048 000 ☑*

6

*een deel korrek
Aanvaar die gebruik van hakies as negatief; as geen teken aanvaar positief.

2.2.3 **Bereken die eenheidskoste van produksie vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2026.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
DMK DAK (sien 2.2.1) FBK (sien 2.2.2) 3 200 000 ✓ + 7 272 000 ☑ + 1 048 000 ☑ 64 000 ✓	R180 ☑ een deel korrek moet gedeel deur 64 000

5

2.2.4 **Verduidelik hoe dit die besigheid sal beïnvloed. Noem EEN punt.**

Enige EEN geldige punt ✓✓

- Daling in vraag of verlies aan klante weens prysstygings.
- Afname in winste gegenereer weens die daling in vraag
- Werkers mag ontslaan word weens die verlaging in produksie

2

Noem EEN strategie wat die besigheid kan implementeer om huidige uitvoere na hierdie land vol te hou.

Enige EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige antwoorde

- Verlaag die winsopslag % om die pryse so laag as moontlik te hou.
- Verbeter effektiwiteit en besnoei onnodige uitgawes om verkooppryse mededingend te hou.
- Vestig 'n verspreidingspunt in 'n ander land wat nie deur die verhoogde uitvoerbelasting geraak word nie.

2

2.3 BAGS GALORE VERVAARDIGERS

SKOOLTASSE:

2.3.1 Bereken die verkoopprys per eenheid vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2026.

BEWERKINGS	ANTWOORD
R794 880/8 280 R96 ✓✓+ 358✓ **OF** een punt een punt 794 880 + 2 964 240 8 280 een punt	R454☑ een deel korrek

4

2.3.2 Identifiseer die veranderlike koste wat die grootste probleem veroorsaak het. Haal syfers aan. Gee 'n geldige oplossing vir die probleem geïdentifiseer.

VERANDERLIKE KOSTE	OPLOSSING
Direkte arbeidskoste ✓ Styg (van R150) tot R197/met R47 /met31,3% ✓	Enige EEN geldige oplossing ✓ • Verminder oortyd om onnodige loonuitgawes te beperk. • Verbeter toesig om beter produktiwiteit te verseker. • Stel doelwitte wat binne normale tyd bereik moet word vir werkers. • Toerusting moet gereed gediens word om onderbrekings te voorkom. • Lei werkers behoorlik op om effektiwiteit te verbeter

3

SKOOTREKENAARSAKKE:

2.3.3 **Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die wins gegenereer vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2026. Haal syfers aan. Gee 'n verskillende rede vir die verbetering in elke geval.**

	KOMMENTAAR ✓ ✓ **SYFERS** ✓ ✓	**REDE** Enige EEN geldige rede ✓ ✓
Gelykbreek-punt	Die GBP het verlaag (van 6 476) tot 5 763 met 11% / met 713 eenhede.	Meer effektiewe produksiemetodes geïmplementeer.
Wins	Die besigheid het 'n wins op 5 862 eenhede (2 588 of 79% meer as die vorige jaar) / 11 625 eenhede verkoop is meer as BEP van 5 763	Verkoopprys het gestyg / wins op meer eenhede gegenereer

6

2.3.4 **Cyril het daadwerklike besluite geneem om skootrekenaarsakke uit te voer. Dit het tot 'n styging in al die veranderlike koste per eenheid gelei. Gee 'n verskillende rede vir die styging in elke geval.**

KOSTE	**REDE** Enige EEN geldige rede ✓ ✓ ✓
Direkte materiaalkoste	Toename in vermorsing van materiaal / 'n Verbetering in die kwaliteit van direkte materiale gebruik / Verkryging van materiale van verskillende of nuwe verskaffers verkry / Verhoging in vervoerkoste.
Direkte arbeidskoste	Toename in die oortydure gewerk / Beter geskoolde werkers indien geneem / Verhoogde vergoedingspakkette.
Verkoop- en verspreidingskoste	Toegepas van verhoogde uitvoerbelastingheffings/ Gevolg van addisionele afleweringskoste/verhoogde advertensiekoste.

3

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 3

3.1 VOORRAAD:

3.1.1 **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2026 deur die EIEU-voorraadwaardasiemetode te gebruik.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
1 610 ☑ x 1 690 ✓ (1 700 – 90) 660 ☑ x 1 545 ✓ (2 270 – 1 610) 2 720 900 een m.punt een punt (2 543 800 + 177 100) 1 019 700 een m.punt een punt (957 000 + 62 700)	3 740 600 ☑ een deel korrek totaal van beide bedrae

5

3.1.2 **Bereken die voorraadhoudingsperiode (in dae) op 28 Februarie 2026. Gebruik die eindvoorraadsyfer.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
Sien 3.1.1 $\frac{3\ 740\ 600\ ☑}{14\ 524\ 000\ ✓} \times \frac{365}{1}$ **OF** $\frac{2\ 270 \text{ een punt}}{7\ 490 \text{ een punt}} \times \frac{365}{1}$	94 dae ☑ **OF** 110,6 dae een deel korrek moet x 363

3

x '365' is nie 'een deel korrek' nie.
Teller en noemer moet as sodanig gemerk word.
Moenie vir enige bewerking op alleenstaande syfer punte toeken nie

3.1.3 **Lewer kommentaar op jou berekening in VRAAG 3.1.2. Noem TWEE punte. Die voorraadhoudingsperiode op 28 Februarie 2025 was 72 dae**.

Enige TWEE relevante punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige antwoorde

- Die VHP het vermeerder van 72 dae tot 94 (110,6) dae (sien 3.2.1) / met 22 (38,6) dae. (Nota: VHP kan afneem sien 3.1.2)
- Voorraad kan verouderd of oortollig raak en dus onbruikbaar vir klante weens VHP wat toegeneem het.
- Swak aankoopstrategieë, aangesien geen eenhede van die totale November 2025 aankope verkoop is nie / negatiewe impak op kontantvloei.
- Bergingskostes / tekort aan stoorplek / Meer voorraad kan verhoging in sekuriteitsuitgawes meebring.

4

3.2 VASTE BATES:

3.2.1 Noem TWEE punte vir goeie interne beheer oor tasbare vaste bates.

Enige twee relevante punte ✓ ✓

- Persone aan wie die items toegeken word moet ingelig word terme en voorwaardes en die ooreenkomste per getekende dokumente bevestig.
- Unieke identifikasiekode moet aan bates geallokeer word.
- Gebruik slotte of installeer opsporingstoestel as sekuriteitsmaatreël.
- Gereelde fisiese batetellings moet uitgevoer word.
- Doen gereelde instandhouding om te voorkom dat bates waarde behou.
- Beperk toegang tot slegs gemagtigde personeel.
- Hou 'n vaste bate-register en gereelde oudit.
- Installeer 'n kamera om gebruik en moontlike bedrog te monitor.
- Alle roerende vaste bates moet verseker wees.
- Pligte rakende aankope, aantekening en beheer van bates moet verdeel word.

2

3.2.2 BEREKEN:

Kosprys van grond en geboue op 28 Februarie 2026

BEWERKINGS	ANTWOORD
5 600 000 + 438 000	6 038 000 ✓✓

2

Verlies op die ou yskas wat op 30 September 2025 verkoop is.

BEWERKINGS	ANTWOORD
23 400 x [20% x 7/12] 23 400 ✓ – 2 730 ✓☑ – 17 500 ✓ Wees bedag op alternatiewe berekening soos 20 670 – 17 500 **OF** – 23 400 + 2 730 + 17 500	3 170 ☑ een deel korrek as R17 500 teen D/W verreken is

5

Aanvaar die gebruik van grootboekrekening

Totaal van die waardevermindering op die nuwe kasregister wat op 1 Desember 2025 aangekoop is en die oorblywende ou toerusting vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2026

BEWERKINGS	ANTWOORD
Nuwe: 65 000 x [20/100 x 3/12] 3 250 ✓☑ **Ou:** [512 000 – 23 400] 488 600 x 20% 97 720 ✓☑ **OF** 102 400 – 4 680	100 970 ☑ een deel korrek totaal van beide bedrae

5

3.2.3

(i)	**Waardevermindering vir jaar geëindig 28 Februarie 2026**	
	BEWERKINGS	**ANTWOORD**
	75 000 - 1	74 999 ✓✓
(ii)	**Opgehoopte waardevermindering op 28 Februarie 2026**	
	BEWERKINGS	**ANTWOORD**
	sien (i) 375 000 + 74 999 **OF** 450 000 – 1	449 999 ☑ een deel korrek
(iii)	**Drawaarde op 28 Februarie 2026**	
	BEWERKINGS	**ANTWOORD**
	sien (ii) 450 000 – 449 999 **OF** 75 000 – 74 999	1 ☑ een deel korrek

4

TOTALE PUNTE
30

VRAAG 4

4.1.1

DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE		
	Kredietverkope	**Julie 2026**
April 2026	**204 750**	
Mei 2026	**364 000**	29 120 ✓
Junie 2026	**409 500**	204 750 ✓
Julie 2026	500 500 ✓✓	188 188 ☑☑*$ *as x40% x 94%

6

$ Indien kredietverkope van R500 500 nie getoon word, maar die R188 188 is korrek, ken vier punte toe

4.1.2

Bereken: Korting toegestaan in Julie 2026	
BEWERKINGS	**ANTWOORD**
sien 4.1.1 [500 500 x 40/100] 188 188 x 6/94 **OF** 200 200 x 6/100 **OF** 200 200 – 188 188	12 012 ✓☑

2

Bereken: Oninbare skulde wat in Julie 2026 afgeskryf sal word	
BEWERKINGS	**ANTWOORD**
204 750 x 2% **OF** 204 750 – 200 655	4 095 ✓✓

2

4.2

(i) Huuruitgawe vir Junie 2026

BEWERKINGS	ANTWOORD
39 960 / 111% **OF** 39 960 – 3 960	36 000 ✓✓

2

(ii) Addisionele lening uitgeneem op 1 Junie 2026

BEWERKINGS	ANTWOORD
[2 625 – 1 365] 1 260 ✓✓ x [100/9 x 12/1] ✓ **OF** 350 000 – 182 000 twee punte een punt	168 000 ☑ een deel korrek

4

(iii) Betalings aan krediteure in Julie 2026

BEWERKINGS	ANTWOORD
[409 500 x 100/65] 360 000 drie punte 378 000 drie punte 630 000 ✓✓ x $\frac{100}{175}$ ✓ x $\frac{60}{100}$ ✓ **OF** 630 000/1,75 x 0,6	216 000 ☑ een deel korrek

5

(iv) Salarisse van verkoopsassisente in Julie 2026

BEWERKINGS	ANTWOORD
[22 400 x 105%] [11 200 x 80%] 23 520 ✓✓ + 8 960 ✓✓	32 480 ☑ een deel korrek totaal van beide bedrae

5

4.3.1 **Bereken die persentasie verandering tussen die begrote en werklike bedrae in Mei 2026.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{5\ 000}{10\ 000} \times \frac{100}{1}$	50% ✓✓

2

Noem EEN punt waarom Grace besluit het om meer as die begrote bedrag op advertensies te spandeer.

Enige EEN geldige punt ✓

Om die getal klante te verhoog/om die verkope te verhoog / in reaksie op sterk mededinging / om nuwe produkte uit te lig.

1

Grace is mening dat dit 'n wyse besluit was om meer op advertensies te spandeer.

- **Noem EEN punt (met syfers) waarom jy met haar sal saamstem.**
- **Noem EEN punt (met syfers) waarom jy nie met haar sal saamstem nie**

	Rede (met syfers) ✓✓ ✓✓
Stem saam	Werklike getal klante oorskry die begrote klante met 73 / 36,5%
Stem nie saam nie	Verkope van rokke is R56 000 / 10% minder as die begrote syfer

4

4.3.2 **Mededingers het gekla oor kontantvloeiuitdagings wat hulle as gevolg van moeilike ekonomiese toestande ervaar. Verduidelik hoe Dazzling Outfitters negatief beïnvloed word deur die gemiddelde bedrae wat klante op die koop van rokke spandeer het. Noem EEN punt (met syfers).**

Enige EEN geldige punt ✓ vergelykende syfers ✓✓

Die gemiddelde aankope per klant was onder die begrote bedrag met R2 200 per klant (begroot R7 000; werklik R4 800).

3

4.3.3 **Grace voel dat die verbruiksgoedere en lone (vir verstellings) goed beheer word. Gee relevante berekeninge/syfers om haar mening te ondersteun vir elke item.**

Verbruiks-goedere Kommentaar ✓ Vergelykende syfer/s ✓	Begrote syfer was 28% van fooi-inkomste maar werklike syfer is 24% van fooi-inkomste. Verbruiksgoedere is met 12,6% oorspandeer, terwyl fooi-inkomste 31,3% meer as die begroting is.
Lone van verstelling-personeel Kommentaar ✓ Vergelykende syfer/s ✓	Lone van R9 600 het konstant gebly maar die fooi-inkomste het gestyg met R5 000. Lone is begroot op 60% van die fooi-inkomste; werklike lone was 45,7%.

4

TOTALE PUNTE
40

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou